

Woensdag 6 Julie

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:26 – 4:7

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:5, 7 (AFR83 / AFR20)

Van kettings tot kindwees

Normaalweg, as ons van tyd en jare praat, verwys ons na voor Christus (vC) en na Christus (nC). Maar hoe sal dit lyk en wees as ons van ons lewens praat as voor Christus (vC) en na Christus (nC). Hoe het ons lewe en status gelyk voor en na Christus? Kom ons kyk:

Voor Christus

- Voor Christus moes ons volgens dié Skrifgedeelte die wet gehoorsaam terwyl dit ons nooit volkome kon vrymaak nie (Heb. 10:1).
- Ons was slawe gewees wat losgekoop moes word.
- Ons was onmondig en moes onder die toesig van die wet staan, net soos wat jy onder toesig van jou ouers staan as jy onmondig is.
- Ons was vir ewig verlore as gevolg van die sonde.

Dit was ons status voor Christus, maar as ons Christus in die geloof omhels en in Hom glo, verander ons status en lewens! Hoe lyk ons ná Christus?

Na Christus

- Na Christus is al ons sonde afbetaal deur die offer van Christus, omdat Hy die perfekte offer is wat onskuldig (2 Kor. 5:21) gesterf het.
- Ons is vrygemaak.
- Ons is deur God aangeneem as sy kinders.
- Ons het God as liefdevolle Vader en nie meer die harde wet as voog nie.
- Ons het die ewige lewe.

Die Seun van God het die gestalte van 'n slaaf aangeneem om ons, wat slawe was, seuns en dogters te maak. Mag dié wete jou aanspoor om as gehoorsame kind te leef!

Jy, my liewe geloofsvriend, is van kettings na kindwees. Jy het dit verniet gekry en moet dit nou weer op jou beurt met iemand deel dat hulle ook kan weet hoe om hierdie kindwees-verhouding met God te kan hê. Met wie kan jy dit deel? Vrede vir jou.

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Ds. RB Fourie (Reynold) (Bellville-Oos)